

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 19

> *Verder het die koning vir Simeï gesê: “Jy sal nie doodgemaak word nie.” Die koning het dit vir hom selfs met ’n eed bevestig. (vers 23)*

Dawid sou met reg Simeï se kop kon eis. Simeï het hom immers

gevloek toe hy baie kwesbaar was (2 Sam 16:5-13). Abisai is ook dadelik reg om die doodstraf te voltrek. Dawid wil niks daarvan weet nie. Hy besef dat geweld net nog geweld wek. Daar het al klaar te veel bloed gevloei, en hy kies om te vergewe eerder as om wraak te neem.
Dawid is moeg vir sy suster Seruja se seuns Joab en Abisai (vers 22). Hoewel hulle van sy beste aanvoerders was wat in menige stryd vir hom die knoop deurgehak het (vgl o.a. 2 Sam 10:7-14), het hulle, en veral Joab, hom dikwels groot probleme gegee met hulle eiegeregtige en wraakgierige optrede (kyk bv na 2 Sam 3:38).
Soms moet ’n mens jou trots sluk en vergewe, al is die reg aan jou kant en kan jy iemand terugkry vir die leed wat jou aangedoen is. Dis wat Jesus gevra en gedoen het (Matt 5:38-43; 1 Pet 2:23). Draai die ander wang. Loop die tweede myl saam. Jesus noem immers die vredemakers salig (Matt 5:9).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026